**TEMA:** Die viering van Hemelvaart

"Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië.
Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. Terwyl Hy hulle seën,
het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem.
Hulle het Hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem toe teruggegaan.
Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys."
***Lukas 24:50-53 (AFR83)***

**TWEE DINGE WAT JESUS ONS LEER OOR DIE HEMEL**

1. ***Dit is God se woonplek.***

"Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word …"
***Matteus 6:9b (AFR83)***

"… laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied,
net soos in die hemel."
***Matteus 6:10 (AFR83)***

2. ***Dit het naby gekom.***

"Van toe af het Jesus begin preek en gesê:
"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.""
***Matteus 4:17 (AFR83)***

"Hierdie uitdrukking: "Hy het opgevaar", veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul."
***Efesiërs 4:9-10 (AFR83)***

"Nou is daar nie 'n hoekie of kantjie van hierdie heelal waar Jesus nie teenwoordig is nie." ***Efesiërs 4:10 (DB)***

"Heaven is the control room for the universe.
Heaven is where the CEO's office is, and Christ has moved into that office.
From that office He reigns and He rules, and from that place He will return
one day to make His rule and His reign visible to everyone."
***Trevor Hudson***

"Net mooi almal sal voor die grote Christus moet buig, maak nie saak wie hulle is of waar hulle vandaan kom nie. Selfs dié wat lankal dood is, sal voor Jesus moet buig. Hulle almal sal met oortuiging vir mekaar sê: "Jesus Christus is die Here.""
***Filippense 2:10-11a (DB)***

**WAT BETEKEN HEMELVAART VIR ONS VANDAG?**

1. ***Jesus het vir ons die pad na die Vader oopgemaak.***

"Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam."
***Hebreërs 10:19-20 (AFR83)***

2. ***Daar is Iemand wat verstaan waardeur jy gaan.***

"Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word."
***Hebreërs 4:14-16 (AFR83)***

"Roep My aan in die dag van benoudheid:
Ek sal jou uithelp en jy sal My eer."
***Psalm 50:15 (AFR83)***

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."
***Matteus 11:28 (AFR83)***